Hoërskool Marais Viljoen
Marais Viljoen High School

P/Sak/Bag X011, Alberton, 1450
h/v/c/o Bodmin & Cradock St, Alberante, 1449
epos/email: skollier@maraisviljoen.co.za; hilde@maraisviljoen.co.za
www.maraisviljoen.co.za GPS: S26°16.643′ E28°07.972′
(T): 011 869 2103 / 011 907 9013/4 (F): 011 869 5171

21 April 2017

Geagte Ouers / Voogde

OMSENDSKRYWE 11 (2017)

1. SPORTTOERE

Al ons Rugby A-spanne het gedurende die vakansie aan die Drostdy Festival deelgeneem. Ons wil graag al ons ouers bedank vir hulle ondersteuning en selfs bywoning van die wedstryde.

Afgesien van die wedstryde en gepaardgaande spanbou, afrigting en wedstrydoefening, was die toer ook opvoedkundig van aard en het die toergroep heelwat plekke in Kaapstad en omgewing besoek. Hierdie konsep waar soveel spelers en spanne saamtoer, is beslis ‘n wenresep, aangesien dit ‘n ongelooflike gees onder die spelers bevorder.

Die spanne het teen HTS Drostdy, Hugenote en Daniël Pienaar gespeel. Ons seuns het 6 van die wedstryde gewen, 1 gelykop gespeel en 5 verloor.

Ons hokkiespanne het na Potchefstroom en Camp Discovery getoer. Die seuns en dogters het 20 wedstryde gewen, ‘n paar gelykop gespeel en 8 verloor.

Al die hokkiewedstryde het op Astro plaasgevind, wat uitstekend is vir ons volgehoue voorbereiding, aangesien die meeste van ons wedstryde op Astro gespeel word. Daar was ook SA-spelers wat kom insette lewer het met betrekking tot afrigting.

Netbal:
Hierdie jaar het ons op ekstra afrigting gefokus. Ons spanne het uitstekend gevaar en 19 van die 25 wedstryde gewen. Thondo Ngcobo is aangewys as die speler wat die meeste vordering getoon het, die o/15-span is aangewys as die beste span en Mathilda van den Berg was een van die beste spelers gedurende die toer. Die ondervinding wat hulle opgedoen het, is van onskatbare waarde.

Baie dankie aan al die afrigters wat hulle vakansies opgeoffer het.

2. ATKV-REDENAARS

Ons is baie trots op ons ATKV-redenaars. 17 van die 24 leerders wat deelgeneem het, het na die volgende ronde deurgedring wat op 9 Junie 2017 plaasvind. Baie geluk!

3. WINTERSDRAG

Soos ons beleid bepaal, is dit verpligtend vir leerders om wintersdrag vanaf 2 Mei tot 31 Augustus te dra. Wintersdrag beteken die volgende:

- Seuns dra langbroek, trui / oortrektrui (“pullover”), ‘n skooldas en ‘n baadjie.
- By ‘n rok, dra dogters swart lang kouse, langmouhemp, baadjie en ‘n skooldas.
- Met ‘n langbroek dra dogters ‘n langmouhemp, trui / oortrektrui, skooldas en baadjie.
- **‘n Langmoutrui mag NOOIT sonder ‘n baadjie gedra word nie.**

4. OUERAAND

Oueraand is op 25 April van 17:00 tot 20:30. Maak asseblief afsprake om u kind se onderwysers te sien.

5. NWU-PUKKE PRESTIGE SPORTREEKS KWART- EN SEMI-FINALE

Die kwartfinaal vind more by Zwartkop plaas.

Die semi-finaal vind op 26 en 27 April by Hugenote en Die Anker plaas. Die uitslae van al die spanne – A en B – word in ag geneem vir die plekke in hierdie reeks. Ons vra u dus om te verseker dat u kind sal deelneem, aangesien elke span se uitslag belangrik is. Ons wens al ons spanne sterkte toe.

6. EERLIKE LEERDERS

Michael de Pinho het ‘n selfoon opgetel en ingehandig en Rick Venter en Frans Labuschagne het geld opgetel en ingehandig. Baie dankie!

7. PROGRAM VIR DIE WEEK

Maandag 24 April	Hulpklasse : Gr 8 – 12 Hokkie: Seuns vs Bracken High Kooroefening Gholfliga Debat: 1ste ronde	14:15 – 15:15 17:45 – 21:00	 Weg Dr. Malan
Dinsdag 25 April	Netballiga vs Dinamika Debat : 1ste ronde Oueraand	 17:00 – 20:30	Tuis Dr. Malan
Woensdag 26 April	Toets PUK semi-finaal		Hugenote / Die Anker
Donderdag 27 April	Vryheidsdag PUK semi-finaal		Hugenote / Die Anker
Vrydag 28 April	Skoolvakansiedag Tennisliga		

Vriendelike groete

MARTIE HEYSTEK
SKOOLHOOF **LEIER IN VOLLEDIGE OPVOEDING**